RAADSBELEID

ONDERWERP : **//KHARA HAIS INFORMELE SEKTOR**

VERWYSING : 1.3.1.1.29

BESLUIT NR : 23.9/06/2004 DATUM : 28 Junie 2004

BELEIDSOOGMERK : Om die informele handelsektor te orden en om aanvaarbare higiëniese standaarde te verseker.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken die bestaan van straathandelaars en die behoefte om handel te dryf in 'n ope ekonomie en is bewus van die waarde van werkskepping wat die bedryf bied.

RIGLYNE

1. **Riglyne vir toekenning van staanplekke**

1.1 Alle straathandelaars moet by die Raad registreer om 'n staanplek te bekom.

1.2 Die Hoof Omgewingsgesondheid is gemagtig om staanplekke toe te ken.

2. **Bedryfsvoorwaardes**

2.1 Algemene voorwaardes

2.1.1 Gas en oop vure sal slegs op aangewese plekke toegelaat word, onderhewig aan nakoming van Brandweervereistes.

2.1.2 Voetgangerverkeer mag nie belemmer word nie en 'n loopspasie van 1,5m op sypaadjie moet te alle tye oopgehou word.

2.1.3 Stalletjies mag nie op die rand van die sypaadjie wees nie, sodat parkering nie belemmer sal word nie.

2.1.4 Maksimum hoogte van stalletjie sal 2m wees.

2.1.5 Permitte sal vir 'n maksimum van sesmaandeliks toegeken word. 'n Fooi wat jaarliks hersien sal word, is maandeliks vooruitbetaalbaar. Indien 'n persoon 2 maande agterstallig raak, verbeur hy/sy sy/haar reg om handel te dryf. Geld sal aan die Raad betaal word.

2.1.6 Indien die bedrogtak van die SA Polisiedienste dit onder die aandag van die Hoof Omgewingsgesondheid bring dat 'n handelaar onwettig nagemaakte produkte verkoop, sal so 'n handelaar se reg om handel te dryf ingetrek word.

2.1.7 Geraas : Kragopwekkers verbode

Kragvoorsiening vir klanktoerusting van winkeleienaar na buite is verbode. Toestemming moet volgens Standaard Verordening insake Strate, van die Raad verkry word voor enige toestel vir die reproduksie of versterk van klank gebruik word.

2.1.8 Geen onderverhuring sal toegelaat word nie.

2.1.9 Die Raad behou die reg voor om enige toestemming, wat verleen is vir die dryf van handel, met onmiddellike effek op te skort indien noodsaaklike ondergrondse dienste soos water, elektrisiteit, riool, Telkomdienste of soortgelyke dienste, gelê moet word. Geen gedeeltelike terugbetaling van permitgelde sal van toepassing wees nie en die opskorting sal geld totdat die werk afgehandel is. Die Raad behou ook die reg voor om tydelike opskortings, van toestemming om handel te dryf in te dien, indien herstel of vernuwing van die sypaadjie oppervlak nodig is.

2.1.10 Aansoek vir spesiale toestemming om handel te dryf, deur instansies soos kerkinstellings, kan gedoen word.

2.1.11 Enige vereistes ingevolge wetgewing en of verordeninge sal alle tye van toepassing wees.

2.1.12 Handelaars wat nie by die nodige voorskrifte en wetgewing hou nie, sal hul reg verbeur om handel te dryf.

2.2 <u>Informele voedselhanteerders met voorbereiding en verkope by stalletjie</u>

2.2.1 Alle produkte moet vanaf goedgekeurde bron verkry word;

2.2.2 Vrywaringsvorm moet ingedien wees voordat daar van gas of hout gebruik gemaak word;

2.2.3 Rou en gaar produkte moet teen sonlig, stof en vlieë beskerm word;

2.2.4 Bederfbare produkte moet onder 10°C of bo 65°C gehou word;

2.2.5 Goedgekeurde werksoppervlakte moet voorsien word;

2.2.6 Geskikte vloerbeskerming moet onder braaier voorsien word;

2.2.7 Voldoende hande- en opwasgeriewe moet voorsien word;

2.2.8 Voldoende hoeveelheid skoonwater in kanne en leë kanne vir wegdoen van vuilwater, moet voorsien word;

2.2.9 Voldoende vullishouers moet voorsien word;

2.2.10 Slegs wegdoenbare eetgerei mag gebruik word;

2.2.11 Staanplek moet na afloop van besigheid opgeruim word;

2.2.12 Goeie persoonlike higiëne moet te alle tye gehandhaaf word;

2.2.13 Slegs wegneem etes mag verkoop word;

2.2.14 Reëling vir toiletgeriewe moet self getref word.

2.3 Informele voedselhanteerders met voorbereiding by woning en verkoop op straat.

2.3.1 Gladde wasbare vloer- en muuroppervlaktes moet voorsien word;

2.3.2 Goedgekeurde handewasfasiliteite en opwasgeriewe vir toerusting moet voorsien word;

2.3.3 Lopende warm- en kouewater moet voorsien word;

2.3.4 Die voedselvoorbereidingsarea mag nie vir slaapdoeleindes aangewend word nie;

2.3.5 'n Toilet moet op die perseel beskikbaar wees;

2.3.6 Die voedselvoorbereidingsarea moet stofdig en wasbaar wees;

2.3.7 Ondeurdringbare en gladde werksoppervlakke moet voorsien word;

2.3.8 Digsluitende vullishouers, wat gereinig word na vullisverwydering, moet voorsien word;

2.3.9 Alle voedselprodukte moet vanaf 'n goedgekeurde bron verkry word;

2.3.10 Bederfbare produkte soos rou en gaar vleis, wors en vis, moet te alle tye óf onder 10°C óf bo 65°C bewaar word.

2.4 Mobiele eenhede waarop voedsel voorberei word

2.4.1 **Struktuur en toerusting**

2.4.1.1 Die raamwerk en buitebedekking van die mobiele eenheid moet van 'n harde, gladde, ondeurdringbare en goedgekeurde materiaal sonder barste of oop nate wees;

2.4.1.2 Die binnemure en vloer van die mobiele eenheid moet van 'n harde, gladde goedgekeurde meteriaal, sonder krake of oop nate wees;

2.4.1.3 Die werksoppervlakke moet van 'n gladde, ondeurdringbare, wasbare en goedgekeurde materiaal wees;

2.4.1.4 Alle binne oppervlaktes moet van 'n gladde, ondeurdringbare en wasbare materiaal wees;

2.4.1.5 Die mobiele eenheid moet met 'n kappie van gladde, waterdigte wasbare en goedgekeurde materiaal voorsien wees;

2.4.1.6 'n Handewasbak met 'n voorraad skoonwater en 'n houer vir vuilwater moet voorsien wees;

2.4.1.7 Goedgekeurde, onafhanklike, werkende verkoelingsgeriewe vir voedsel wat normaalweg verkoel word, moet op die mobiele eenheid beskikbaar gestel word;

2.4.1.8 Geskikte bergplek vir voedsel en verpakkingsmateriaal moet in die voertuig voorsien wees;

2.4.1.9 Die kookgeriewe moet van geskikte dripbakke en spatskerms voorsien wees;

2.4.1.10 ‘n Goedgekeurde vullishouer moet voorsien wees;

2.4.1.11 Die naam van die besigheid moet in duidelike leesbare letters van minstens 5cm hoog aan die buitekant van die voertuig aangebring word;

2.4.1.12 Alle personeel wat voedsel hanteer, moet in besit van goedgekeurde mediese sertifikate van goeie gesondheid wees;

2.4.1.13 Die mobiele eenheid moet aantreklik en esteties van voorkoms wees en eers deur die Afdeling Omgewingsgesondheid goedgekeur word, alvorens besigheid gedryf mag word.

2.4.2 **Basis perseel**

2.4.2.1 Goedgekeurde stoorgeriewe vir voedsel moet in die mobiele eenheid voorsien word;

2.4.2.2 ‘n Goedgekeurde area moet vir die was van die mobiele eenheid voorsien word.

2.4.3 **Vereistes insake higiëne**

2.4.3.1 Geskikte skoon- en heel oorklere van ‘n ligkleurige materiaal asook geskikte hooftooisels moet te alle tye deur voedselhanteerders gedra word terwyl hulle aandiens is;

2.4.3.2 Seep, naelborsels en ‘n skoon handdoek moet te alle tye by die handewasbak voorsien word;

2.4.3.3 Geen juweliersware wat in direkte kontak met voedsel kan kom, mag deur voedselhanteerders gedra word terwyl hulle aandiens is nie;

2.4.3.4 Goedgekeurde tange en ander kooktoerusting moet gebruik word vir die hantering van voedsel;

2.4.3.5 Daar mag nie binne die voertuig of deur voedselhanteerders wat op diens is, gerook word nie;

2.4.3.6 Voedsel moet te alle tye op so ‘n manier hanteer en geberg word wat sal verhoed dat dit deur stof, insekte, ens., besoedel word;

2.4.3.7 ‘n Hoë standaard van persoonlike higiëne moet tydens die hantering van voedsel, deur die voedselhanteerders gehandhaaf word;

2.4.3.8 Alle bederfbare voedsel moet teen ‘n temperatuur van hoogstens 10°C verkoel gehou word of teen ‘n temperatuur van minstens 65°C verhit gehou word;

2.4.3.9 Die werksoppervlakke asook ander dele binne die mobiele eenheid, doeke en implemente, moet gereeld met ‘n reinigingsmiddel skoongemaak word terwyl

besigheid bedryf word;

2.4.3.10 Voedselhanteerders met oop sere aan enige deel van die liggaam, mag nie voedsel op enige manier hanteer of voorberei nie.

2.5 Karavaan smouse

2.5.1 Karavaan moet vooraf geskik verklaar word vir die uitoefening van bedryf;

2.5.2 Handewasgeriewe moet beskikbaar gestel word;

2.5.3 Goedgekeurde onafhanklike werkende verkoelingsgeriewe vir voedsel wat normaalweg verkoel word, moet in die karavaan beskikbaar gestel word. By versuim kan bederfbare produkte nie verkoop word nie;

2.5.4 Geen verwerking, onderverdeling of voorbereiding van voedsel is toelaatbaar nie;

2.5.5 Goedere moet vanaf ‘n goedgekeurde gelisensieerde bron verkry word;

2.5.6 Sanitêre geriewe moet geredelik beskikbaar wees en wél by wyse van ‘n skriftelike toestemming van die eienaar/huurder van die geriewe;

2.5.7 Omvang van voorraad in die karavaan waarmee gesmous word, word beperk tot daardie hoeveelheid voorraad wat in die karavaan geakkommodeer kan word. Bykomstige voorraad moet in ‘n stoorkamer op ‘n besigheidsperseel geberg word. Geen strukture word tot die karavaan toegelaat nie, met ander woorde, slegs karavane mag gebruik word.

PROSEDURE

1. Aansoeke vir registrasie om as informele handelaar handel te dryf, moet vooraf by die Hoof Omgewingsgesondheid gedoen word met betaling van die voorgeskrewe tarief.

2. Om te kan handeldryf in ‘n mobiele eenheid, moet die aansoeker vir ‘n voedselvoorbereidingshandelslisensie by die Direktoraat Koporatiewe Dienste aansoek doen.

3. Informele handelaars wat in ‘n karavaan wil handel dryf, moet goedkeuring by die Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer asook Hoof Omgewingsgesondheid verkry.

4. Die aansoek word oorweeg volgens die produkte wat hy/sy wil verkoop, die tye wat hy/sy wil handeldryf, sy/haar voorkeur area en beskikbare staanplekke. Die suksesvolle aansoeker word geregistreer om op ‘n spesifieke toegekende staanpleknommer handel te dryf.

ROLLE

Hoof Omgewingsgesondheid.
Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer.
Hoof Verkeersdienste.
Brandweerhoof.
Direktoraat Korporatiewe Dienste.

VERWANTE BELEID

Uitstal van goedere op sypaadjies.
Staanplek vir fortuinvertellers.
Tydelike sluiting van strate/straatgedeeltes met die oog op straatbraai.
Tarieflys.
Wet op Besighede.
Smousverordeninge

HERROEPINGS EN WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidstukke in hierdie verband herroep word.